# Kuns om van wakker te lê

**Fever Sleep: The Colonial Pillow Series – Kurt Campbell**
**WorldArt, Johannesburg**
**Johan Myburg**

"The sleep of reason produces monsters," het Goya in 1799 in sy *Los caprichos* verklaar. Agter dié opmerking sit 'n kritiek op die dwaasheid, vergrype, eiebelang en valsheid van sy tyd. As dit waar was in 1799, het ons steeds kunstenaars nodig om ons bewus te maak van ons vergissings. Skynbaar oorkom ons mettertyd nié die praktyk nie . . .

Met 'n klein maar treffende uitstalling (sewe werke) lewer die Kaapstadse kunstenaar Kurt Campbell kommentaar op persepsies wat te make het met besit, egtheid en koloniale belang. Of die droom daarvan.

Hy gebruik kopstutte eie aan Afrika as vertrekpunt, dié soort wat 'n mens op kurio-markte of in museums teëkom. Maar Campbell verkies bó die ware jakob om sy eie getroue weergawes te maak van Plasticene. In dié werke gebruik hy skroewe, knope, munte, patroondoppies en koeëls – die bydrae van 'n koloniale teenwoordigheid in Afrika. Van dié werke maak hy argivale drukke (op papier met 'n leeftyd van 100 jaar) wat hy dan as kunswerke op die uitstalling aanbied.

Die Plasticene-werke vernietig en begrawe hy.

Waarmee die kyker dus gekonfronteer word, is afbeeldings van afbeeldings (die foto hierbo is 'n vérdere afbeelding!).

Die oorspronklike, die "egte", word in Campbell se verwysingsveld derhalwe verdag. Die oorspronklike kopstut – wat deesdae versamelstatus het en dikwels vir derduisende verkoop word – staan buite die konteks waarin dit gebruik is as kopkussing. Dat dit juis die afbeelding is wat die (interpretasie)moontlikhede open, is wat Campbell aandui. Dat die kopstut inderwaarheid nie "besit" word nie, lewer kommentaar op die drang om "objekte" te versamel.

Kolonialisme kom derhalwe ook binne die kunstenaar se ontginningswêreld. Die invoeging van sogenaamde Westerse elemente in die tradisionele kopstutte, maak dit onbruikbaar, of minstens ongemaklik. Dis dié ongemaklike verhouding tussen kolonieerder en gekoloniseerde wat Campbell duidelik in die oog het.

Die koorsagtige slaap waarna die titel verwys, roep dus meer beelde van rusteloosheid op as van rus.

As kyker staan jy voor dié werke, bewus van die bekoring. Maar eweneens toenemend bewus van die misleiding.

Campbell se *Fever Sleep* is elegante versetkuns. Dié soort wat monsters uitwys vir wat hulle is.

■ **Tot 29 Junie.**



**Kurt Campbell se *Safari Headrest*, 2007, argivale pigmentdruk (50 x 50 cm)**

**WorldArt**

WorldArt is nou ook in die hartjie van Johannesburg – in Commissionerstraat 95. Charl Bezuidenhout van die WorldArt-galery in Kaapstad het besluit om in die ontluikende Johannesburgse middestad 'n galery te open. Voor Kurt Campbell se uitstalling het Richard Scott werke daar vertoon. Die volgende uitstalling is dié van Arlene Amaler-Raviv (einde Julie). Navrae: ☎ 082 901 5045 of stuur e-pos na charl@worldart.co.za.